
Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/11)*

*Justin Chadwick (20 Mei 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** *"What counts is not necessarily the size of the dog in the fight - it's the size of the fight in the dog." Dwight D Eisenhower*

## POMELO'S: VRUGGROOTTES




Alle uitvoerders van pomelo's wat hul sout werd is weet dat grootte belangrik is wanneer jy oor hul produk praat. Dit beteken nie noodwendig dat alle markte dieselfde groottes verlang nie, maar dat verskillende markte wel baie spesifiek is tov. die vruggroottes wat hul verkies. As gevolg hiervan is daar groot belangstelling rondom die grootte-verspreiding in die komende seisoen. Nou, dat omtrent 'n derde van die 2011 pomelo oes reeds gepak is, is dit interessant om te sien hoe die grootte-verspreiding lyk.

Gemiddeld, was 2010 beskou as 'n "groot" jaar wat pomelo-vruggroote betref en dit kan toegeskryf word aan die feit dat pomelo's wat tot aan die einde van week 19 in 2010 gepak is, op telling 35 gepiek het – met 'n redelike eweredige verspreiding tussen tellings 35 en 45.

In 2008 en 2009 was die piek op telling 45, in 2009 was die piek nog hoër.

Tans is daar meer pomelo's gepak dié jaar as in enige van die drie vorige jare. Weereens is die piek van pomelo's op telling 45.

Alhoewel daar aanvanklik bekommernis was rondom die kleiner vrugte, is die persentasie van tellings 50, 55, 60+ wat tot op datum gepak is, 34%, soortgelyk aan 2009 (35%) en die dieselfde as in 2008 (34%).

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Die **Satsuma-oes** is so-te-sê iets van die verlede met 1.672 miljoen van die 1.7 milljoen kartonne wat reeds gepak en vir uitvoer goedgekeur is. Die oes van Clementines is volstoom aan die gang, met 640 000 kartonne wat reeds gepak is. Tot op datum is 52% van die **sagte sitrus** na die VK uitgevoer (2010: 48%). Noord-Europa en Rusland het dieselfde as in 2010 met 24% en 17% respektiewelik, ontvang. Die Europese Unie (VK, Suid-Europa en Noord-Europa) het die meeste van die **pomelo's** (68%) ontvang (2010 31%). Met die eerste twee skepe reeds oppad na Japan, is die volumes na daardie bestemming ook besig om toe te neem (daar was omtrent 9 000 pallette van pomelo's op die eerste twee skepe). Soos gewoonlik, is die meeste uitvoere van suurlemoene vroeg in die seisoen na die Midde-Ooste (2011 48%; 2010 41%). Ander belangrike bestemmings vir suurlemoene is Rusland met 20% (2010 20%), N-Europa 7% (2010 12%) en Verre-Ooste 11% (2010 7%).

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE VORIGE JAAR SE VERSKEPINGSYFERS MET OMSIGTIGHEID HANTEER MOET WORD OMREDE DAAR 'N VERTRAGING MET DIE INSLEUTELING VAN DATA WAS.

| Tot Week 19 Milljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo | 4 m | 3.6 m | 4.5 m | 0.7 m | 2.8 m | 14.7m | 15.2m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 2.1 m | 2.9 m | 2.4 m | 2.1 m | 1.9 m | 7.9m | 7.4m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 2.1 m | 3.3 m | 2.5 m | 1.4 m | 1.9 m | 9.8m | 9.7m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 1 m | 2.2 m | 1.4 m | 0.1 m | 0.5 m | 19.4m | 19.3m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.9m | 46.5m | 45.9m |
| | 9.2 m | 12 m | 10.8 m | 4.3 m | 7.1 m | 94.7m | 94.7m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**